

Kennisgewing met betrekking tot toegang tot gesondheidsrekords - Artikel 30

Verw. no. : **Inrigting se briefhoof**

Navrae :

**KENNISGEWING DAT VERSOEK RAKENDE GESONDHEIDSREKORDS TOEGESTAAN WORD INGEVOLGE ARTIKEL 30 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)**

Ek verwys na u versoek om toegang tot bepaalde rekords van hierdie inrigting gedateer \_\_\_\_\_ .

Aangesien u die inrigting tevrede gestel het dat voldoende voorsiening vir berading gemaak is, word u hiermee in kennis gestel dat toegang tot die inligting wat versoek is, verleen sal word.

Die **vorm** waarin toegang verleen sal word, is as volg:

\*Soos deur u versoek, sal die rekord in die verkose vorm bekikbaar gestel kan word.

\*U het die inligting in 'n bepaalde vorm versoek maar toegang daartoe kan egter nie in dié vorm verleen word nie, aangesien dit net in \_\_\_\_\_ beskikbaar is.

\*Die rekord is nie in die **taal** wat u versoek het beskikbaar nie en gevolglik sal dit in \_\_\_\_\_ verskaf word.

**Toegangsgeld**

Ingevolge artikel 25(2)(a) van bogemelde Wet moet u toegangsgeld van R\_\_\_\_\_ betaal. Dit is die koste vir die maak van afdrukke van die rekords/transkripsies van die inhoud en/of posgeld en/of tyd wat redelikerwyse benodig word om die rekords op te spoor of om reëlings daarvoor te tref. Toegang sal eers na betaling van die toegangsgeld verleen kan word.

Bogemelde toegangsgeld is bereken ooreenkomstig voorgeskrewe tariewe en is uiteengesit in die aangehegte faktuur.

**Reg tot appèl**

\*Ingevolge artikel 25(2)(c) van bogemelde Wet kan u 'n interne appèl teen die betaling van die **toegangsgeld** of die **vorm van toegang** wat verleen is, aanteken. Indien u wil appelleer, sal u die interne appèl ingevolge die bepalinge van artikel 74 van bogemelde Wet aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet die interne appèl binne 60 dae op die aangehegte voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word:

Adres: Persoonlik afgelewer by : \_\_\_\_\_  
Gepos aan : \_\_\_\_\_  
Faksnommer : \_\_\_\_\_  
E-posadres : \_\_\_\_\_

**ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE**

**DATUM:**

**\*Skrap waar van toepassing.**